20 years trailtech.

Die Rose vier twee dekades

Trailtech in Klerksdorp is 'n fees van Rose!

Dié onderneming wat sleepwaens in Klerksdorp bou, het verlede week sy twintigste verjaardag gevier en is deur Jan Roos gestig.

Vandag is Trailtech die moedermaatskappy met Tip Top, Mainline Airbrakes en Truck and Trailer Wheel Alignment wat uit Trailtech voortgepruit het.

Jan se seuns en skoonseun is aan die stuur van dié maatskappye met Fanie Roos aan die stuur van Trailtech, PW aan die stuur van Tip Top, Christiaan by Mainline Airbrakes en die skoonseun, Charl Roos, by Truck and Trailer Wheel Alignment.

Trailtech het sy 20ste verjaardag op 1 November gevier.

Volgens Jan was Trailtech aanvanklik as Trailcraft bekend en het hy in die vroeë negentigerjare na Trailtech oorgeskakel.

Dié familie-onderneming word deur trotse Klerksdorpers bestuur met Jan wat in die stad gebore is en Klerksdorp sien groei het.

"In 1987 het net ek en my vrou, Lien, die onderneming as 'n onderdele-handelaar begin en was ons omset R7 000 per maand. Nou is dit sowat R2 m per maand en het ons tusen 80 en 100 werknemers," sê Jan.

Hy het op Vrydag 10 November aan **Klerksdorp Rekord** vertel dat die hele gebou oorgebou is na die tornado wat die stad getref het.

Die ondernemings bou van Venter-tipe sleepwaens tot 37 ton sleepwaens.

Trialtech is verantwoordelik vir die bou van die sleepwaens, Tip Top doen die grafiese werk, Mainline herstel lugremme en Truck and Trailer doen wielbalansering met die nuutste Haweka-toerusting van Duitsland. Die werkwinkel is ook as die bes toegeruste ter wêreld aangewys.

"Sonder ons kliënte het ons nie 'n besigheid nie. Ek wil hulle bedank vir 20 jaar se steun en die Here wat ons elke dag bystaan," sê Jan.

Fanie Roos oorhandig 'n blyk van waardering aan sy ouers, Jan en Lien.